

Saterdag 26 September

Skrifgedeelte: Ester 7:6b – 8:2

Fokusgedeelte: Ester 7:10

Haman word aan sy eie galg gehang

Haman het 'n meesterplan gehad om Mordegai en al die Jode om die lewe te bring. Skielik, in een aand by 'n feesmaal, verander alles en is hy die een wat vir sy lewe smeek. Hy het alles gereed en in plek gehad, tot 'n galg van 23 meter gebou om Mordegai op te hang (met die Babiloniese galg word 'n persoon nie met 'n tou gehang nie, maar deur 'n galgpaal gesteek).

Hierdie gedeelte wys vir ons duidelik die Here se byna onverwagse trou en raadsplan. In een aand, letterlik 'n oogwink, het die omstandighede heeltemal verander en is daar uitkoms vir Mordegai en die Joodse volk.

Ester het bloot haar saak gestel voor koning Ahasveros, en so het hy toe opgetree teen Haman. Hy het 'n bevel gegee en Haman word dieselfde aand nog opgehang aan die galgpaal wat hyself gebou het. Jy moet versigtig wees om nie gate te grawe (of galgpale te bou) vir ander nie, jy self kan maklik daarin val (of aan jou eie galg gehang word). Die wraak kom die Here toe!

Niks kan God se plan omverwerp nie – Hy het sy trou aan die Joodse volk beloof – selfs al het Hy hulle in ballingskap weggestuur, wou Hy nie dat hulle uitgewis word nie.

Hierdie feesmaal van koning Ahasveros laat ons dink aan 'n ander feesmaal waar die Here se plan ook nie gekeer kon word nie – die laaste Pasga van Jesus saam met sy dissipels. Hier was dit andersom, die onskuldige Lam is weggelei om gekruisig te word aan die kruishout. Sy dood en offer is vir ons die oorwinning oor al ons vyande en die weg tot die ewige lewe!

God voer altyd sy raadsplan uit!

Sing: Psalm 1-1:2, 4

Ds. ID de V Potgieter (Danie) (Rietvallei)